# Vaaltyn-hulle word straks taxi's vir 2010

CARLA MOUTON

PRETORIA. – O, die donkie is (steeds) 'n wonderlike ding!

Openbare vervoer in die landelike gebiede gaan eersdaags moontlik 'n groot hupstoot kry met 'n donkiekar-projek wat binnekort voltooi word.

Dié langoor-projek van die Universiteit van Pretoria se fakulteit Veeartsenykunde en die Tshwane-universiteit van Tegnologie (TUT) kan ook onder meer sorg dat toeriste tydens die Wêreldbekersokkertoernooi in 2010 in die landelike gebiede maklik rondgekarwei kan word.

Sedert die begin van die jaar is twee tipes liggewig donkiekarre ontwerp en deur die meganiese ingenieurstudente van TUT gebou.

'n Vyfdejaarveeartseny-student, mnr. Nico Benadé, het op sy beurt 'n harnas ontwerp wat donkievriendelik is en nie vir Vaaltyn-hulle sal skaaf nie.

Prof. Cheryl McCrindle, afdelingshoof van veeartsenykundige openbare gesondheid by die fakulteit, sê die projek gaan na donkies se gesondheid omsien en ook baie werkgeleenthede skep.

"Donkies word al 400 jaar lank in Suid-Afrika gebruik, maar dit is nie 'n wetenskaplike ding nie – die karre lyk nog dieselfde. Ek wou al lankal 'n donkiekar ontwerp wat lekker is vir die donkies om te trek."

McCrindle sê 'n persoon wat 'n donkiekar het, kan maklik R4 000 'n maand verdien as hy sy donkies minder as tien dae per maand gebruik.

"Om 'n donkiekar vir 'n naweeksdag te huur, kos R500. En donkies eet maar 40 kg perdekonsentraat 'n maand, wat R130 kos, en R250 se hooi as hy nie wei ook nie. En dié koste is as jy die donkie elke dag gebruik."

Met die hoë brandstofpryse is 'n donkiekar ook bekostigbare vervoer in landelike gebiede. Volgens McCrindle is donkies ook baie omgewingsvriendelik, omdat hulle min mis.

"Dié mis stink nie, jy kan dit brand, beeste kan dit eet of jy kan dit met water meng en in jou groentetuin inwerk.

"Dit is nie die geval met bees- of hoendermis nie, want daar is min goggas in donkiemis."

Die twee tipes donkiekarre, 'n twee- en 'n viersitplekmodel, gaan nou vir die volgende ses maande deur die veeartsenystudente getoets word om vas te stel of dit enige nadele vir donkies inhou.

Mnr. Fanie Mmolawa, 'n entrepreneur, het ook intussen gevra of hy klein ondernemings in landelike gebiede kan oprig om die donkiekarre aan die publiek te verskaf.

"Ons wil egter eers 'n beleid uitwerk oor wat mense moet weet as hulle 'n donkiekarlisensie wil kry.

"Die ouens wat die karre wil koop, moet eers vir 'n kursus gaan sodat hulle weet hoe om die donkies te hanteer," het hy gesê.



Hier staan die donkie Martin by die nuwe tipe donkiekarre wat dalk in 2010 sokkertoeriste gaan vervoer. Foto: THEANA CALITZ

Die Burger Oos-Kaap, 2007/11/28, P6